STRUBENVALE PRIMARY SCHOOL

AFRIKAANS Gr 6– WEEK 17

Activities.

1. Print the pages 1-5
2. Read the information on The History of Horses.
3. Date your work.
4. Answer all the questions neatly on the paper.
5. Paste into your Afrikaans book.
6. Write the letter to your future self.in your Afrikaans book. (If your book is full make sure that you get a new one.
7. Use the correct proses: Mind map, Rough draft, correct rough draft, and then write it neatly. **Please note there are to be no English words in your letter. The purpose for the rough draft is for you to get the main idea down and then to do some work and look up the Afrikaans words in a dictionary.**
8. Use the correct format for a letter
9. Work will be marked in class when you return to school.
10. Remember it is your education that you are working towards…..if something is worth doing then do it correctly.

L<u>uister en praat DAG 1 EN DAG 2</u>

Perde



1

Die eerste perdagtige diere het ongeveer 50 miljoen jaar gelede op aarde geleef. Daar is meer as 300 verskillende perderasse. Daar is ongeveer 58 miljoen perde op aarde.

2

Niemand is presies seker wanneer perde die eerste keer makgemaak is nie. Daar word geskat dat dit 5 000 – 6 000 jaar gelede in dele van Europa en Asië was.

3

'n Perd se ruggraat bestaan uit 54 werwels, terwyl 'n mens 33 het. Perde se tande wissel net soos mense s'n. Wanneer 'n perd ongeveer 2 ½ jaar oud is, begin sy melktande uitval. Dit word deur permanente tande vervang. Op ongeveer 5 jaar het die meeste perde al hulle volwasse tande.

4

Perde drink gemiddeld 20-55 liter water per dag, afhangende van hulle grootte, die temperatuur en hoe aktief hulle is. 'n Perd kan 1-3 % van sy liggaamsgewig per dag eet. Afhangende van watter soort kos hy kry en hoe aktief hy is.

5

Die topspoed van 'n perd is ongeveer 70 km per uur. Perde het min slaap nodig. Hulle slaap gemiddeld net 2-3 uur per dag. Hulle slaap meestal terwyl hulle regop staan.

6

Daar is nog wilde perde te sien by Kaapsehoop in Mpumalanga. Van hulle loop soms deur die klein dorpie.

7

'n Perde-ma is omtrent 11 maande dragtig. Die ma vorm 'n band met die kleintjie deur aan hom te lek, en geluidjies te maak. Perde is tropdiere.

8

Old Billy is die perd wat al die langste geleef het. Hy is in 1760 in Engeland gebore en het uiteindelik 62 jaar oud geword. Old Billy was nogal fluks. Sy werk was om vragbote op en af in die waterkanale te trek.



Aantal woorde: 245
Bron:
Die wonderwêreld van perde en ponies deur Jaco Jacobs en Fanie Viljoen

1.1. Hoe lank gelede het die eerste perde op aarde gelewe? (paragraaf 1)

1.2. Ongeveer hoeveel verskillende perderasse bestaan daar op aarde? (paragraaf 1)

Omkring die regte antwoord.

1.3. Daar word geskat dat perde die eerste keer makgemaak is ... (paragraaf 2)

a. 5 000 - 6 000 jaar gelede in Europa en Afrika.
b. 5 000 - 9 000 jaar gelede in Europa en Asië.
c. 5 000 - 6 000 jaar gelede in Europa en Asië.
d. Perde was nog altyd mak.

1.4. 'n Perd se ruggraat bestaan uit _____ werwels. (paragraaf 3)

a. 45
b. 54
c. 33
d. onbekende aantal

1.5. Sê of die volgende stelling **waar** of **onwaar** is. **'n Perd se ruggraat bestaan uit net soveel werwels as 'n mens s'n.** (paragraaf 3)

1.6. Wat het 'n invloed op hoeveel water 'n perd drink? **Noem 2 feite.** (paragraaf 4)

1.7. Noem 'n plek in Suid-Afrika waar jy nog 'n trop wilde perde sal kan opspoor. (paragraaf 6)

1.8. Wat is die **afkorting** van **liter**? (paragraaf 4)

1.9. Gee 'n **versamelnaam** vir perde.

1.10. In paragraaf 9 praat hulle van **S.A**. Waarvoor staan die afkorting?

1.11. Gee **jou eie** gepaste **titel** vir die leesstuk?

1.12. Noem **1 interessante feit** oor perde wat jy in die leesstuk raakgelees het.

1.13. Dink jy dat 'n perd gelukkig sal wees as hy alleen aangehou word? Gee 'n **rede** vir jou antwoord.

DAG 3, 4 en 5

VAARDIGHEID: Skryf en aanbied **ONDERWERP**: Skryf ‘n vriendskaplike brief

GRAAD: Ses

OPDRAG: Skryf ‘n brief aan jou toekomstige self. (A letter to yourself as if you are in the future.) Verbeel dat jy aan jouself skryf soos jy op hoërskool sal wil wees. Wat wil jy graag vir jou tekomstige self sê? Gebruik die volgende vrae om jou beplanning te doen:

- ❖ Wat is die dinge waarna ek uitsien?
- ❖ Wat wil ek by die skool, op die sportveld of kultureel bereik?
- ❖ Watter raad sou ek myself gee?
- ❖ Hoe wil ek hê my toekomstige self moet wees?

(Uit Graad 6 AEAT DBO werkboek 2018

Onthou die volgende:

- Jou brief moet ‘n adres en datum het.
- ‘n Aanhef met die ontvanger se naam
- Ten minste 3 paragrawe met 80-100 woorde
- Einde met die jou naam
- Gebruik korrekte spelling en leestekens.
- Volg die skryfproses: doen jou beplanning, eerste poging, redigering en dan jou finale poging.